



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**2015**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.
3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:  

AFDELING A: Roman	(35)	
AFDELING B: Drama	(35)	
AFDELING C: Kortverhale	(35)	Doen AL TWEE kortverhale indien jy hierdie afdeling gekies het.
AFDELING D: Gedigte	(35)	Doen AL TWEE gedigte indien jy hierdie afdeling gekies het.
4. Kies die TWEE afdelings wat jy behandel het.
5. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy behandel het, aan.
6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
9. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling
10. Vrae moet in Standaardafrikaans beantwoord word en nie in 'n ander taal nie.
11. Gebruik die kontrolelys op bladsy 3 om jou met jou keuses en getal vrae te help.
12. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	35 punte	4
<b>OF</b>		
2. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	35 punte	7
<b>OF</b>		
3. <i>Meeulanders</i>	35 punte	11

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag.

4. <i>Poppie – die drama</i>	35 punte	15
<b>OF</b>		
5. <i>Paljas</i>	35 punte	19

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord AL TWEE vrae by VRAAG 6.

Baby	18 punte	23
<b>EN</b>		
Op soek na Kid Khumalo	17 punte	25

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord AL TWEE vrae by VRAAG 7.

Kontak	17 punte	27
<b>EN</b>		
Woorde	18 punte	29

**KONTROLELYS**

Kandidate moet die volgende kontrolelys gebruik om te verseker dat die vereiste getal vrae beantwoord is.

AFDELING	VRAAGNOMMERS	GETAL VRAE BEANTWOORD	DUI AAN (✓)
A: Roman	1–3	1	
<b>OF</b>			
B: Drama	4–5	1	
<b>OF</b>			
C: Kortverhale	6	2	
<b>OF</b>			
D: Gedigte	7	2	
<b>LET WEL:</b> Maak seker dat jy slegs vrae oor TWEE afdelings beantwoord het.			

**AFDELING A: ROMAN****VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Saul was nooit weer kind ná daardie dag nie. Iets breek in jou as jou pa, groot
2	sterk Joram Barnard, wat 'n byl kon swaai soos geen ander man in die Bos nie,
3	wat 'n treksaag lynreg deur die dikste kalenderblok kon laat skree, wat met die
4	krag van 'n os kon hout uitsleep, as jy hom soos 'n hond sien vra om kos en
5	twak.
	***
6	Hulle is weer met die wa terug tot in die eerste straat. Terwyl sy pa en oom
7	Anneries met die goodfor by die sink-winkeltjie in is, het hy op die wa bly sit en
8	Jozef het voor by die osse gestaan.
9	Dit het gevoel of die hele wêreld hom bejok het, of sy lyf in 'n deurmekaarbos
10	beland het en nie weer kon loskom nie. Sy kop wou nie dink nie. Agter hulle het
11	die Velmmaspaaiers se lendelam wa met hulle goodfor stilgehou ...
12	'n Entjie laer af in die straat, in 'n groot, groen oopte, het 'n klein geboutjie met 'n
13	spits dakkie gestaan. Die twee woorde bokant die deur was met 'n boog geskryf.
14	Nie Hollands nie. P ... U ... B ... L ... I ... C ... S ... C ... H ... O ... O ... L.
15	School?

- 1.1 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.1.1–1.1.2) en die antwoord neer.

In hierdie uittreksel was dit die eerste keer dat Saul die dorp gesien het. Vir Saul was dit vreemd, want niemand het ooit vir hom gesê dat die dorp nie in die Bos was nie. Die (1.1.1) (lig/mis) was vir Saul te veel. Saul het in die dorp 'n ander bang gevoel as vir die (1.1.2) (bloubokkie/olifante). (2)

- 1.2 Wie het vir Saul alles in en om die dorp verduidelik terwyl hulle geloop het? (1)

- 1.3 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (1.3.1–1.3.4) en die antwoord neer.

geelhout; meubels; stinkhout; doodskis; dwarslêers; skuldboek; waenhout; goodfor
---

MacDonald het die (1.3.1) ... gaan haal en gesê dat daar nog geld op die (1.3.2) ... uitstaande is. Joram-hulle is weggewys, want die hout waarna MacDonald gesoek het, was nou (1.3.3) ... en nie (1.3.4) ... nie. (4)

- 1.4 "Saul was nooit weer kind ná daardie dag nie." (Reël 1)

Noem TWEE dinge wat MacDonald daardie dag gedoen het, wat Saul ontstel het. (2)

- 1.5 Watter ontdekking oor die bloubokkie het ook Saul se kindwees van hom wegeneem? (1)

- 1.6 Kies die naam uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) en die letter (A–F) neer, bv. 1.6.6 G.

KOLOM A		KOLOM B	
1.6.1	Hy het nie maklik kwaad geword nie, maar lieg en vloek het hom briesend gemaak.	A	MacDonald
		B	Oom Anneries
1.6.2	Hy het in die dorp net in die stofpad voor sy voete gekyk.	C	Thomas Rex
		D	Saul
1.6.3	Hy het gevoel sy kop was te swaar vir sy lyf.	E	Joram
1.6.4	Hy het waspeke in die dorp verkoop vir <i>Cape Smoke</i> .	F	Jozef
1.6.5	Hy het mense se respek gehad omdat hy 'n ryk man was.		

(5 x 1)

(5)

- 1.7 Saul se pa het hom nadergeroep om in MacDonald se boek te kom lees.  
Hoekom pas dit nie by Joram se karakter om Saul te vra om vir hom te lees nie? (1)

- 1.8 As jy Saul, die Boskind, was, sou jy in die 'Public School' (reël 14) wou skoolgaan? **Verduidelik jou antwoord.** (1)

- 1.9 Wat is 'n 'goodfor'? (1)

- 1.10 Saul het daardie dag toe hulle op die dorp was vir Kate gesien.

- 1.10.1 Watter TWEE vrae het Kate daardie dag vir Saul gevra? (2)

- 1.10.2 Watter TWEE dinge het die ander dorpskinders oor Saul-hulle gesê? (2)

- 1.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.11) en die letter (A–D) neer, bv. 1.11 E.

Kate het vir Saul met hul ontmoeting soos 'n ... gelyk.

- A pop  
B model  
C engel  
D koningin (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Saul het geweet MacDonald raas met haar oor hom. Hy't gehoor
2	MacDonald sê hy is <i>wild</i> ; hy weet wat <i>wild</i> beteken ...
3	Toe hulle wegstap, het MacDonald omgedraai en die groot boek
4	oopgemaak. "Ek sien hier staan nog taamlik skuld op julle boek en julle wil al
5	weer kom koop?"
6	"Ons werk sware hout." Hy het grond toe gekyk.
7	"Wat wou jou pa gehad het?"
8	"Koffie en suiker en meel ... en 'n bietjie twak ook, asseblief. "
9	MacDonald het die goodfor uitgeskryf en daarmee in sy hand bly staan.
10	"Hoe oud is jy?"
11	"Veertien gewees, mister." Wat wil almal skielik weet hoe oud hy is?
12	"Mm ... jy is groot vir veertien. Is jy seker jy is nie dalk sestien nie? Ek is nie
13	so seker dat julle altyd weet hoe oud julle is nie."
14	"Ek is veertien."
15	"Ek soek 'n sterk jong seun om hier by die skuur met die hout te help.
16	Slaapplek en kos en twee sjielings 'n week."
17	"Bedoel mister nou dat ek vir mister moet kom werk?" Hy was nie seker of
18	hy reg gehoor het nie.
19	"Ja. Maar ek wil jou nie hê as jy onnosel is nie."
20	"Ek sal vir my pa sê."

1.12 Om vir MacDonald tevrede te stel, het Joram besluit om 'n groot kalender af te kap.

1.12.1 Wat het Saul gedoen om te wys dat hy nie met sy pa saamgestem het oor die kap van die boom nie? (1)

1.12.2 Hoe het Joram Saul daarna gestraf? (1)

1.12.3 Wat het Saul vir sy pa oor die kalender gesê? (1)

1.13 Dink jy Joram was 'n goeie pa vir sy kinders? **Verduidelik jou antwoord.** (1)

1.14 Die uittreksel hierbo verwys na nog 'n besoek van Saul aan die dorp.

Hoe oud was Kate toe Saul haar met hierdie besoek aan die dorp weer raakgeloop het? (1)

1.15 Buite die Bos was alles nuut en vreemd vir Saul.

Watter deel **buite die Bos** het Saul die meeste gefassineer? (1)

- 1.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.16) en die letter (A–D) neer, bv. 1.16 E.

Toe Saul vir Joram vertel het dat MacDonald vir hom werk aangebied het, het Joram gesê hulle ...

- A werk vir hulleselewers.  
B hoort nie in die dorp nie.  
C werk waar hulle gelukkig is.  
D hoort nie by die delwers nie.

(1)

- 1.17 Terwyl Saul by MacDonald gewerk het, het Saul en Kate mekaar Sondag gesien.

1.17.1 Wat het Kate vir Saul geleer?

(1)

1.17.2 Wie het vir Kate en Saul gehelp sodat hulle mekaar Sondag kon sien?

(1)

- 1.18 Dink jy Jozef was reg om Saul 'n verraaier te noem? **Motiveer jou antwoord.**

(1)

- 1.19 Dink jy Saul het die regte besluit geneem om te gaan delf direk nadat hy by MacDonald weg is? **Gee 'n rede vir jou antwoord.**

(1)

- 1.20 Jy het Saul Barnard in hierdie roman leer ken. Gee EEN rede waarom 'n mens hom kan respekteer.

(1)

**[35]**

OF

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –  
Marita van der Vyver**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

- 1 Oukei, ek weet, die koningin is nie so aaklig soos ek eers gedink het nie.  
2 Elke nou en dan begin ek amper van haar hou. Maar dan sien ek weer hoe  
3 sy agteroor sit terwyl almal help om tafel af te dek of skottelgoed te was.  
4 (Selfs Gavin het gisteraand gehelp om hout vir die stoof aan te dra. "Hierdie  
5 afskuwelike uitrusting laat my in elk geval soos 'n bosbouer lyk," het hy onder  
6 'n swaar vrag stompe gesteun.) En dan wonder ek weer wie Margot Jordan  
7 nou eintlik dink sy is. Haar nooiensvan is *Jordaan*. In Amerika het sy dit  
8 *Jordan* gemaak. Lyk beter op 'n rolprentskerm, meen sy. Tot dusver het die  
9 nuwe naam nog nie eintlik op 'n rolprentskerm gepryk nie.  
10 Sharon het intussen uitgevis dat Margot darem al in 'n paar flieks deel van  
11 'n skare moes speel. Sy moes byvoorbeeld al saam met honderde ander  
12 mense gil en weghardloop vir 'n vulkaniese uitbarsting. Of gil en weghardloop  
13 vir 'n enorme dinosaurus. Of gil en weghardloop vir 'n vlieënde piering vol  
14 bouse kreature van 'n ander planeet. Seker dié dat sy elke dag wil draf, het ek  
15 opgemerk toe Sharon my vertel, om fiks te bly vir al daardie gillery en  
16 weghardlopery.

- 2.1 Waarom het Beyers Margot 'n koningin genoem? (1)
- 2.2 Watter ander karakter in die verhaal word ook 'n koningin genoem? (1)
- 2.3 Margot was nie baie behulpsaam nie.
- 2.3.1 Noem TWEE ander redes waarom Hanna aan die begin negatief oor haar was. (2)
- 2.3.2 Hoe dink jy het Margot gevoel toe sy die gesin op die berg ontmoet het? (1)
- 2.4 "Hierdie afskuwelike uitrusting laat my in elk geval soos 'n bosbouer lyk, ..." (Reël 4–5)
- 2.4.1 Wie se klere het Gavin gedra? (1)
- 2.4.2 Verduidelik waarom hy nie sy eie klere gedra het nie. Noem TWEE feite. (2)
- 2.4.3 Gavin se kritiek op die klere wat hy toe moes dra, pas by sy karakter. **Gee 'n rede waarom jy kan saamstem met hierdie stelling.** (1)
- 2.5 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (2.5.1–2.5.4) en die antwoord neer.
- |  |
|--|
| <p>mode-ontwerper; dramaturg; radio-omroeper; aktrise;<br/>aërobiese instruksie; kunstenaar; skrywer; verpleegster</p> |
|--|
- Die groep wat op die berg saam gekuier het, was 'n interessante klomp mense. Hanna se pa, Gavin, was 'n (2.5.1) ... en was toevallig in die Kaap toe sy verjaar het. Haar ma, Mana, was 'n (2.5.2) ... en baie eksentriek. Haar stiefpa, Beyers, was al 'n (2.5.3) ... en Margot, die vreemde besoeker, was in Suid-Afrika om haar talent as (2.5.4) ... uit te leef. (4)
- 2.6 Watter positiewe effek het Gavin se besoek op Hanna se verhouding met Gavin gehad? (1)
- 2.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.7) en die letter (A–D) neer, bv. 2.7 E.
- Toe Margot by die huis aangekom het, het sy ...
- A soos 'n heks opgetree.  
B dadelik na haar kamer gegaan.  
C net met Yann en Amos gepraat.  
D positief teenoor almal opgetree. (1)



- 2.8 Die gesin het baie dinge saam gedoen.
- 2.8.1 Wie het die gesin vroeg soggens wakker gemaak? (1)
- 2.8.2 Wat het die gesin soggens saam gedoen? (1)
- 2.9 Die gesin het ook later 'n koolstoofkonsert gehou.
- 2.9.1 Wie was die wenner van die konsert? (1)
- 2.9.2 Dink jy die koolstoofkonsert was 'n goeie aktiwiteit vir die gesin?  
**Verduidelik jou antwoord.** (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	"Ek dink dis my kraampyne wat begin," steun sy.
2	"Dis dié dat jy so nes geskrop het!" gil Margot. "Ek onthou die dag voor Amos
3	se geboorte het ek al die kaste in die huis reggepak!"
4	Die res van ons is te geskok om 'n woord uit te kry.
5	"Maar dis nie ... dit kan tog nie ... dis mos heeltemal te vroeg?" stotter
6	Beyers, sy gesig doodsbleek.
7	"Hanna is ook 'n paar weke vroeg gebore," sê Mana terwyl sy weer stadig
8	regop sit.
9	"As ek dít geweet het," roep Beyers uit, "het ek nóóit hier op die berg kom
10	vakansie hou nie!"
11	"Ek het nie geweet ons gaan vasgerëen word nie, Bey. Ek het gedog as
12	iets gebeur, sal ek wel betyds by 'n hospitaal kan uitkom ..."
13	"En nou?" Beyers hap na lug soos een wat besig is om te verdrink. Ek het
14	hom nog nooit so paniekerig sien lyk nie. "Wat nóú?"
15	"Wel, dit lyk nie of hierdie babatjie in 'n hospitaal gebore gaan word nie,"
16	sê my ma met 'n dapper glimlag.
17	"Maar waar ... wat gaan ons ... wat gaan gebeur?" stotter Tibo, amper so
18	bleek soos Beyers.
19	"Dis te vroeg!" kerm Beyers.

- 2.10 Kies 'n naam uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (2.10.1–2.10.5) en die letter (A–F) neer, bv. 2.10.6 G.

KOLOM A		KOLOM B	
2.10.1	Sy het gehoop die baba is 'n meisie.	A	Cecilia
2.10.2	Sy was 'n ware vriendin tydens die baba se geboorte.	B	Margot
2.10.3	Sy was die "generaal" tydens die geboorte.	C	Sharon
2.10.4	Sy was onvoorbereid op die onverwagse geboorte.	D	Hanna
2.10.5	Haar stem moes almal se senuwees kalmeer.	E	Mana
		F	Fabienne

(5 x 1) (5)

- 2.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.11) en die letter (A–D) neer, bv. 2.11 E.
- Voordat die baba gebore is, het die gesin die baba ... genoem.
- A Aqua  
B Kwakwa  
C Ditjie  
D Amanzi (1)
- 2.12 Gavin was kalm en rustig toe Mana se kraampyne begin het.  
Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 2.13 Wat is die naam van die plek waar die baba gebore is? (1)
- 2.14 Margot het 'n rol tydens die geboorte van die baba gespeel.  
Watter karaktereienskap van Margot kom hier na vore? (1)
- 2.15 Wat moes Hanna en Sharon doen tydens die baba se geboorte? (1)
- 2.16 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.16.1–2.16.2) en die antwoord neer.  
Tydens die geboorteproses het Hanna met Gavin gesels en hy het vertel hoe (2.16.1) (perfek/pienk) Hanna as baba was en dat hy haar 'n naam soos (2.16.2) (Camille/Fabienne) sou gegee het. (2)
- 2.17 Hoekom pas dit by die storielyn dat Sharon nie saam met haar ouers wou teruggaan Kaapstad toe nie? **Verduidelik jou antwoord.** (1)
- 2.18 Aan die einde van die verhaal het Hanna aan Fabienne vaarwel gesê.
- 2.18.1 Wie was Fabienne? (1)
- 2.18.2 Was jy bly dat Hanna toe vir Fabienne **kon** tot siens sê? **Verduidelik jou antwoord.** (1)
- 2.19 Hanna het aan die einde van die verhaal besluit om 'n roman te skryf. Waaroor gaan sy skryf? (1)

**[35]**

**VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 MEEULAND, DONDERDAG, 17 MEI 1979

2 *Jacob is gister wal toe. Hy't al Elsabet se goed saamgeneem. Hy't Janka*  
 3 *ook saamgeneem. Ek het taamlik van haar goedjies ingepak, alhoewel hy*  
 4 *niks gesê het van wat die reëlins is nie. Net dat hy twee dae af is. Ek kon*  
 5 *sien hoedat Jannerik heeldag ronddwaal en wonder wat gaan gebeur. Hy't*  
 6 *niks werk gedoen nie, net by die jettie gesit en sing en iets probeer vang.*  
 7 *Attie het ook nie met die geute aangegaan nie, later 'n hardernet met die*  
 8 *Sterretjie gaan uitgooi. Ons was die heel dag soos dwalendes. En vandag*  
 9 *gaan dit nie beter nie. Ek is nie lus vir my werk nie en die dekor is klaar; dis*  
 10 *gister saam. Ek hoop Doreen is tevrede daarmee. Miskien kom Jacob en*  
 11 *Elsabet tot 'n vergelyk oor Janka. Miskien bly Janka op die wal. Daaraan*  
 12 *wil ek nie nou al dink nie.*

13 Toe sy hoor hoe Jannerik buite in die tuintjie vroetel, gaan sy uit. Hy's besig om  
 14 twee groot koolkoppe af te sny.  
 15 "Hoe laat is dit, Mama-Meeu?"  
 16 "Vieruur."  
 17 "Die Meeuw sal darem seker teen halfvyf inkom."  
 18 "Wil jy 'n bietjie koffie drink, Jannerik?"  
 19 "Dankie, Mama-Meeu."  
 20 Hulle sit met hulle bekere koffie buitekant by die buitetafeltjie wat Attie  
 21 aanmekaargetimmer het. Sy sien hoedat hy kort-kort met sy sakdoek oor sy oë  
 22 vee en see toe kyk.

- 3.1 Wat is die doel van die opskrif **in hierdie uittreksel**? (2)
- 3.2 Hoekom het Jacob Elsabet se goed saamgevat wal toe? (1)
- 3.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.3) en die antwoord neer.  
 Elsabet het vir Ryna gesê dat Meeuland vir haar (God se plekkie/'n tronk) was. (1)
- 3.4 Wat sê die woorde: "alhoewel hy niks gesê het van wat die reëlins is nie" (reël 3–4) van Jacob se persoonlikheid? (1)
- 3.5 Watter spesiale band was daar tussen Jannerik en Janka? (1)
- 3.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.6) en die letter (A–D) neer, bv. 3.6 E.  
 Jannerik en ... moes na Janka omgesien het terwyl Elsabet weg was.  
 A Jacob  
 B Ryna  
 C Attie  
 D Ousanna (1)

- 3.7 Wat het Ryna bedoel toe sy geskryf het: "Miskien kom Jacob en Elsabet tot 'n vergelyk oor Janka" (reël 10–11)? (1)
- 3.8 Jannerik het al baie seergekry in die lewe.  
Gee TWEE voorbeelde van Jannerik se seerkry. (2)
- 3.9 Wat was Jannerik se oplossing vir die seerkry van die lewe? (1)
- 3.10 Hoe weet ons dat Ryna en Jannerik 'n goeie verhouding op Meeuland gehad het? (1)
- 3.11 Vertel van die verkeerde keuses wat Elsabet in haar lewe gemaak het. **Gee DRIE feite.** (3)
- 3.12 Jacob se houding teenoor Ryna was anders na Janka se geboorte as voor haar geboorte. **Verduidelik hierdie stelling.** (2)
- 3.13 Watter vrees sou altyd by Ryna bly wanneer sy aan die aand van Elsabet se kind se geboorte dink? (1)
- 3.14 Vir watter doel het die mense die roepname soos Mama-Meeu en Pikkewyntjie in hierdie verhaal gebruik? (1)
- 3.15 Hoekom het Elsabet besluit dat dit vir Janka beter sou wees om op Meeuland groot te word? (1)
- 3.16 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (3.16.1–3.16.4) en die letter (A–E) neer, bv. 3.16.5 F. (1)

KOLOM A		KOLOM B	
3.16.1	Het selfmoord gepleeg toe sy uitgevind het van Jackie	A	Doreen
3.16.2	Het selfmoord gepleeg toe sy uitgevind het van Kinnie	B	Elsabet
3.16.3	Het 'n skelm verhouding met die skoolhoof gehad	C	Ant Hansie
3.16.4	Het in haar blindheid van al die slegte dinge geweet	D	Sheila
		E	Ousanna

(4 x 1) (4)

- 3.17 Hoekom het Attie besluit om ook op Meeuland te gaan werk? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 "Ek sal jou kry, Skalla!" roep Jacob rasend oor die water, terwyl die bootjie  
 2 wegvaar en een word met donkerte en see.  
 3 "God, help! My kind!"  
 4 Dis Daniel wat haar in sy arms optel terwyl haar bloed oor sy klere stroom.  
 5 Daardie aand het Ryna 'n ander faset van Jacob ontdek. Hy was 'n gekweste  
 6 dier met wilde swart oë waaruit 'n oerhaat gestraal het, sodat sy bang was om  
 7 naby hom te kom. Hy, wat altyd die een was om in 'n noodgeval op te tree, het  
 8 eenkant bly staan, asof hy nie deel was van die bloedbevleekte Oukersaand nie.  
 9 Dit was sy en Attie wat die drukverbande op die wond geplaas het. Dit was  
 10 Jannerik wat vir Geelbek geroep het. Dit was Daniel wat hulle goed haastig  
 11 ingepak het. En deur dit alles het die Kersboom se liggies bly flikker, aan en af,  
 12 rooi, geel, blou en het Attie vergeet om sy Kersvaderpak uit te trek.  
 13 Dokter Alwyn du Toit het saam met die Meeuw gekom. Hulle het die  
 14 bewustelose liggaampie in die net geplaas en met 'n spesiale katrol op die dek  
 15 gelaai. Jacob en Ryna en Daniel het saamgegaan. In die skipperskajuit het die  
 16 geveg om Janka se lewe begin: 'n Draagbaar, suurstofapparaat, 'n drup.

- 3.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.18) en die letter (A–D) neer, bv. 3.18 E.

Skalla het daardie aand ... in die donker bootjie naby Meeuland.

- A meeue se kleintjies kom steel  
 B onwettig dwelms gesmokkel  
 C meeue se register kom steel  
 D onwettig kreef geduik (1)

- 3.19 Jacob was baie kwaad toe hy op Skalla geskree het. Hoe het Skalla weer 'n keer vir Jacob hartseer gebring? (1)

- 3.20 Hoe sou jy daardie aand op die jettie opgetree het as jy Jacob was? (1)

- 3.21 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.21) en die antwoord neer.

Jannerik het dadelik vir Geelbek, dit is (Ousanna/Ant Hansie), geroep en vertel wat op Meeuland gebeur het. (1)

- 3.22 Skalla het nie reg opgetree nie.

As watter tipe mens het die dorpsmense Skalla beskou? (1)

- 3.23 Wat het aan die einde van die verhaal met Skalla gebeur? (1)

- 3.24 Het jy aan die einde van die verhaal simpatie met Jacob gehad? **Gee 'n rede vir jou antwoord.** (1)

- 3.25 Hoe het Skalla ook vroeër in Ryna se lewe hartseer veroorsaak? Gee TWEE feite. (2)
- 3.26 Was dit 'n goeie besluit om 'n alomteenwoordige verteller in hierdie verhaal te gebruik? **Gee 'n rede vir jou antwoord.** (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: DRAMA****VRAAG 4: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	<i>Mr Strydom neem moedeloos haar "papiere" – stempel hulle, gee dit terug</i>
2	<i>aan haar.</i>
3	MOSIE. Hulle het Mama se pas 'n stempel gegee wat sê dat sy elke ses
4	maande en later elke jaar extension moet kry. Maar Poppie was nie so
5	gelukkig nie.
6	HOEDJIE. Maar sy het aangehou. Sy was weer met die lyf. By die kliniek
7	het die dokter vir haar gevra:
8	DOKTER. En hoe dan nou? Jou man is in die hospitaal en jy is met die lyf?
9	POPPIE ( <i>word verleë</i> ). Hy kry een keer in die maand week-end off.
10	DOKTER. Dan noem ons maar die baba Week-end.
11	HOEDJIE. Hy het vir haar 'n briefie gegee na Mrs Retief, die social worker
12	wat haar gehelp het.
13	MRS RETIEF. 'n Vierde kind? Dis nie so erg nie, Poppie. Hoe oud is jy nou?
14	POPPIE. Ses-en-twintig.
15	MRS RETIEF. Nou ja, moenie moed verloor nie. Elke baby kom van die Here.
16	POPPIE. As jy haar aankyk, sou jy dink Mrs Retief is 'n kwaai vrou. Sy't so 'n
17	lang gesig en haar stem is heserig soos 'n man s'n. Maar sy's 'n gelowige
18	vrou.
19	MRS RETIEF. As die Here 'n mondjie stuur, sal Hy ook die korsie brood
20	saamstuur.

## 4.1 "Maar Poppie was nie so gelukkig nie." (Reël 4–5)

Poppie se pas is **wel** vroeër vir ses maande verleng, maar sy kon nie gaan werk nie.

Gee TWEE redes hoekom Poppie nie kon gaan werk nie. (2)

## 4.2 Mr Strydom het na die verlenging van ses maande vir Poppie gesê dat sy nie meer vir 'n pas kwalifiseer nie.

4.2.1 Waarom het Poppie nie meer vir 'n pas gekwalifiseer nie? (1)

4.2.2 Hoe sou jy gevoel het as jy, soos Poppie, dikwels moes sukkel met pasprobleme? (1)

- 4.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.3) en die letter (A–D) neer, bv. 4.3 E.
- ... het in sy eie woorde vir Poppie verduidelik waarom sy nie meer vir 'n pas kwalifiseer nie.
- A Plank  
B Mosie  
C Hoedjie  
D Jakkie (1)
- 4.4 Stone het baie siek geword toe hulle in Jakkalsvlei gebly het.
- 4.4.1 Waar het Stone gewerk toe hy so siek geword het? (1)
- 4.4.2 Waarom was die werkstoestande by hierdie werkplek onaanvaarbaar? (1)
- 4.4.3 Op watter dag van die week kon Poppie vir Stone gaan kuier het? (1)
- 4.5 Poppie het by Mrs Scobie werk gekry.
- 4.5.1 Hoekom was dit vir Poppie moeilik om Stone, haar man, te besoek terwyl sy by Mrs Scobie gewerk het? (1)
- 4.5.2 Gee EEN rede waarom Poppie ter wille van haar kinders by Mrs Scobie bedank het. (1)
- 4.6 Poppie het werk in Belville gekry, maar nie daar gaan werk nie.
- Wat was Poppie se rede hiervoor? (1)
- 4.7 "Hy het vir haar 'n briefie gegee na Mrs Retief, die social worker wat haar gehelp het." (Reël 11–12)
- Hoe het Mrs Retief Poppie ondersteun? Noem TWEE dinge. (2)
- 4.8 Kies die KORREKTE woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.8.1–4.8.2) en die antwoord neer.
- Poppie se lewe as getroude vrou was nie altyd maklik nie. As ses-en-twintigjarige vrou het sy 'n stryd gehad om (4.8.1) (vriende te maak/geld te verdien) terwyl sy met 'n (4.8.2) (kwaai/jaloerse) man gesukkel het. (2)
- 4.9 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.9.1–4.9.2) en die antwoord neer.
- |  |
|--|
| Bellville; Constantia; Jakkalsvlei; Lambertsbaai; Nyanga; Rondebosch |
|--|
- Toe Poppie Kaap toe gekom het, het haar broers vir haar 'n huis in (4.9.1) ... gebou. Later het sy by Mrs Scobie in (4.9.2) ... gewerk. Poppie kon daarna nie haar pas regkry nie en moes die Kaap verlaat. (2)



- 4.10 Kies die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (4.10.1–4.10.5) en die letter (A–F) neer, bv. 4.10.6 G.

KOLOM A		KOLOM B	
4.10.1	Hy was Poppie se stiefpa.	A	Hoedjie
4.10.2	Hy is deur die polisie uit die hoenderhok getrek.	B	Mbatane
4.10.3	Hy het as boilerman gewerk.	C	Jakkie
4.10.4	Hy het vir Poppie gesê sy moes Mdantsane toe gaan.	D	Plank
4.10.5	Hy was 'n jeugleier van die Comrades.	E	Mr Stevens
		F	Stone

(5 x 1) (5)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	MRS SWANEPOEL. Rachel het niks verkeerd gedoen nie.
2	POLISIEMAN. Dis nie Rachel nie, mevrou. Dis haar broer wat 'n skelm
3	is. ( <i>Begin wegstap.</i> )
4	POPPIE. Wat kan ek daarvoor, hy's my broer, ek kan hom nie aflos nie.
5	POLISIEMAN ( <i>draai terug</i> ). En weet jy goed al die dinge wat hy doen?
6	Is dit vir jou reg wat hy doen?
7	POPPIE ( <i>kyk hom in die oë</i> ). Al die kinders is mos nie dieselfde nie.
8	Meneer het miskien ook 'n broer wat nie so goed is soos meneer nie.
9	POLISIEMAN. Kom ons loop. Ons moet na Herschel gaan deurbel.
10	POPPIE. My kinders is veilig. Hulle het niks gedoen nie. Hulle is
11	innocent. Aan hulle kan die C.I.D. nie vat nie. Lat hulle tog maar vir
12	Jakkie kry, lat die dinge op 'n end kan kom. Lat ons tot rus kan kom.
13	Lat my kinders in rus en vrede gelos kan word. Bonsile weet niks
14	nie. Nomvula, Thandi weet niks nie.
15	MOSIE. Maar hulle het nie vir Jakkie gekry nie. ( <i>Geboë, lyk verouderd.</i> )
16	POPPIE. Is Mama en Baby terug?
17	MOSIE. Mama is terug. Baby is ook terug.
18	POPPIE. Het hulle seergekry in die selle? As hulle vir Mama seergemaak
19	het ...
20	HOEDJIE. Hulle het nie vir Mama seergemaak nie. Hulle het Mama gelos
21	kort nadat hulle van jou af weg is.

- 4.11 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.11.1–4.11.2) en die antwoord neer.

Poppie se broer het 'n polisieman (4.11.1) (doodgeskiet/gewond) en het toe na (4.11.2) (Mdantsane/Nyanga) gevlug. (2)

- 4.12 Wie het vir Jakkie gehelp om by Basoetoland uit te kom? (1)

- 4.13 Die polisie het later vir Jakkie gevang.
- 4.13.1 Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 4.13.2 Hoe het jy gevoel oor die polisie-optrede teenoor kinders in die drama? (1)
- 4.14 "Lat my kinders in rus en vrede gelos kan word." (Reël 13)
- Wat het Poppie met hierdie woorde bedoel? (1)
- 4.15 Toe Poppie gesukkel het met haar pas, het sy gedink dit sou beter vir haar kinders gewees het om in die Ciskei te woon. Wat was ironies hieraan? (2)
- 4.16 Bonsile het Poppie se lewe moeilik gemaak toe hy 'n tiener was.
- 4.16.1 Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (1)
- 4.16.2 Dink jy Poppie het Bonsile in sy tienerjare reg hanteer? Motiveer jou antwoord. (1)
- 4.17 Die "struggle" het Poppie se gesin beïnvloed.
- 4.17.1 Wie was die onskuldige slagoffer wat met sy lewe vir die "struggle" moes betaal? (1)
- 4.17.2 Hoekom was Poppie bekommerd oor Fezi nadat Jakkie gevlug het? (1)
- 4.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.18) en die letter (A–D) neer, bv. 4.18 E.
- Die lied waarmee die drama eindig, is ...
- A die skoollied.  
B Nkosi sikelel' iAfrika.  
C die lied van die trein.  
D Jerusalem ikhaya lam. (1)
- [35]**

**OF**

**VRAAG 5: PALJAS – Chris Barnard**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	<i>(Maar die dominee het nou heeltemal sy draad verloor. Hy staan vir die nar en</i>
2	<i>kyk. Die nar sit uitdrukkingloos en plegtig voor hom en uitstaar. Een gemeentelid</i>
3	<i>kyk om; twee ander kyk om; nog ses of sewe kyk. Die dominee kyk na die</i>
4	<i>ouderlingbank.)</i>
	***
5	Die ouderling stap op die nar af.
6	Die nar kyk hom reguit in die oë. Dis duidelik die nar glo nie wat hy sien
7	gebeur nie.
8	Die ouderling gaan staan twee tree van die nar af. Hy wys met sy kop: uit.
9	Die nar wys: ék?
10	Die ouderling wys nou met sy kop én sy duim: uit!
11	Die nar skud sy kop.
12	Die ouderling kyk hulpeloos om na die dominee toe.
13	Jan Mol kom orent. Hy wys met sy vinger na die nar toe.
14	JAN MOL: Dis hy! Dis die ou wat daardie McDonald-kind so teken!
15	Die nar sien hier kom moeilikheid, vlieg op en vlug uit die kerk uit.
16	En tien, twaalf, twintig mans storm uit die banke uit agterna.
17	107. Buitekant die kerk gryp die nar sy fiets, spring op en jaag straataf. Die
18	swartgeklede kraaie storm in die straat in en kyk rond, beduie. Hulle sien die
19	nar dóer trek. Party begin agterna hardloop. Ander storm vir hulle bakkies.

- 5.1 Manuel het ná die dominee se besoek besluit om kerk toe te gaan.  
Toe hy by die kerk ingestap het, het hy voor naby die dominee gaan sit.  
Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 5.2 Hoekom was die nar so verbaas oor die ouderling se optrede? (Reël 5–10) (1)
- 5.3 Hoekom wou die dominee nie die nar in die kerk hê nie? (1)
- 5.4 Waarom was dit verkeerd van die dominee om die nar só te behandel? (1)
- 5.5 "Die nar sien hier kom moeilikheid, vlieg op en vlug uit die kerk uit." (Reël 15)
- 5.5.1 Waar het die nar weggekrui? (1)
- 5.5.2 Wat het die nar met die fiets gemaak voordat hy weggekrui het? (1)
- 5.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.6) en die letter (A–D) neer, bv. 5.6 E.  
Jan Mol was die man wat nie net stories oor Willem versprei het nie, maar ook vertel het dat ...
- A Frans op Katrien verlief was.  
B Hendrik met ander vroue gelol het.  
C Nollie en Emma 'n verhouding gehad het.  
D Emma verhoudings met ander mans gehad het. (1)

- 5.7 Vroeër in die drama was die polisie op Toorwater.
- 5.7.1 Hoekom was die polisie by die McDonalds? (1)
- 5.7.2 Die polisie het ná die besoek baie vrae oor die McDonalds gehad. Waarom het die polisie rede gehad om te wonder wat op Toorwater aangaan? (1)
- 5.8 Dit was Jan Mol wat die nar herken het aan Willem se tekeninge. (Reël 14)
- 5.8.1 In watter plek op Toorwater het Willem die tekeninge gemaak? (1)
- 5.8.2 Noem enige EEN van die tekeninge. (1)
- 5.9 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.9.1–5.9.2) en die antwoord neer.
- Toe die dominee die McDonalds besoek het, wou hy (5.9.1) (geld by hulle kry/oor die skinderstories praat). Katrien het gevoel dat die dominee net (5.9.2) (daar was om homself goed te laat lyk/geluister het na wat ander van hulle gesê het). (2)
- 5.10 Tydens sy besoek aan die McDonalds het die dominee gesigverf gekritiseer. Wat het hy hiervan gesê? (1)
- 5.11 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (5.11.1–5.11.4) en die antwoord neer.
- klere; huis; skuur; veld; motorwrak; motor; stasie; spoorlyn
- Die dorpsmense het dadelik gedink dat die nar na die McDonalds gevlug het. Die mans het by die McDonalds op die (5.11.1) ... aangekom. Jan Mol het voorgestel dat hulle by die (5.11.2) ... moes begin soek. Hulle het ook Emma in die (5.11.3) ... ondervra. Een van die mans het Manuel in die (5.11.4) ... geskiet. (4)
- 5.12 Hoekom was dit so onregverdig dat die dorpsmense so negatief teenoor die nar opgetree het? (1)
- 5.13 Hendrik was dadelik by toe Manuel geskiet is.
- 5.13.1 Hoekom was Hendrik se optrede in hierdie situasie 'n goeie voorbeeld vir die dorpsmense? (1)
- 5.13.2 Hoe het Hendrik die beseerde Manuel gehelp? (1)

- 5.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.14) en die letter (A–D) neer, bv. 5.14 E.

Terwyl Manuel herstel het van die skietwond, het Willem hom probeer troos deur ...

- A klavier te speel.  
 B 'n hen na te boots.  
 C gekleurde sakdoeke aan te dra.  
 D stories oor die sirkus te vertel. (1)

- 5.15 Manuel wou teruggaan na die sirkus toe.

5.15.1 Hoekom wou Manuel teruggaan na die sirkus toe? (1)

5.15.2 Wat, dink jy, was die doel van Manuel se koms in Willem se lewe? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Katrien het 'n mooi rok aan wat sy voor die spieël staan en bekyk. Die rok se  
 2 kleur pas presies by die blou oorkrabbers.

3 KATRIEN: Jong, lyk ek nie bietjie soos 'n tert nie?  
 4 EMMA: Ma kan nie soos 'n tert lyk nie, al smeer ons Ma vol jam.  
 5 KATRIEN: Maar dis bietjie oop hierso. (*Sy wys vaagweg bo langs.*)  
 6 EMMA: Ag, Ma!

7 Daar is 'n klop aan die deur.

8 HENDRIK: Kan ek inkom?

9 Maar hy kom in sonder toestemming – en steek vas. Hy het 'n das en  
 10 baadjie en wit langbroek aan.

11 HENDRIK: Demmit, maar jy's mooi!  
 12 KATRIEN (*uit die veld geslaan*): Dankie!  
 13 HENDRIK: With what shall I compare thee, my dear beloved, but with the  
 14 morning dew – onthou jy nog, Katrina?  
 15 KATRIEN: Ag, Hendrik, jy's stuitig!  
 16 HENDRIK: But with the morning dew ... (*Hy probeer die res onthou.*)  
 17 KATRIEN: ... on dark petals of the rose.  
 18 HENDRIK: Onthou jy? (*Emma lag agter haar hand.*) Dis lank gelede. (*Hy*  
 19 *praat met 'n glimlag op sy gesig.*) Maar dis ook nie so lank gelede nie. Thy  
 20 lips sweet tulips of twilight –  
 21 KATRIEN: Nee, wag, dis skoon 'n ander gedig.  
 22 (*Emma giggel nou onbedaarlik.*)

23 HENDRIK (*tot Emma*): Ja, jy lag verniet. Vanaand is die aand wat die manne  
 24 vuis slaan oor jou!

25 140. Dis sononder. 'n Stuk of vyftig motors, bakkies en 4x4-voertuie staan  
 26 langs 'n groot sinkskuur in 'n plaat geparkeer met die laaste bietjie lig wat op  
 27 die dakke weerkaats.

- 5.16 Waarheen was Hendrik en Katrien daardie aand op pad? (1)
- 5.17 Hendrik en Katrien het daardie aand alleen uitgegaan.  
Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 5.18 Lees weer reël 11–24 van hierdie uittreksel.  
Watter goeie voorbeeld stel die McDonald-gesin vir ander gesinne in hierdie gedeelte? (1)
- 5.19 Hoekom was die aand vir die McDonalds 'n slegte ervaring? Gee TWEE feite. (2)
- 5.20 Kies die karakter uit KOLOM B wat by die verduideliking in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (5.20.1–5.20.5) en die letter (A–F) neer, bv. 5.20.6 G.

KOLOM A		KOLOM B
5.20.1	Hierdie persoon het om verskoning gevra oor gebeure vroeër die aand.	A Willem
5.20.2	Hierdie persoon het 'n soentjie by Emma probeer steel.	B Hendrik
5.20.3	Hierdie persoon het toertjies vir die mense gedoen.	C Katrien
5.20.4	Hierdie persoon se klavierspel het 'n vrolike atmosfeer geskep.	D Nollie
5.20.5	Hierdie persoon het in Hendrik se oor gefluister.	E Emma
		F Sakkie

(5 x 1) (5)

- 5.21 Die McDonald-kindere was albei ongelukkig.  
Met watter kind kan jy die beste identifiseer? **Verduidelik jou antwoord.** (1)  
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**AFDELING C: KORTVERHALE****STORIEJOERNAAL****BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE DIE VOLGENDE KORTVERHALE.****VRAAG 6****BABY – EKM Dido**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Terug by die huis kan ek nie wag om Ma te gaan help met die koffiegoed nie.  
2 Van pure nuuskierigheid bly ek sommer in die huis en gee koppies aan sodat ek  
3 die besoekers kan bekyk. Sersant en 'n skraal, bebaarde, vreemde man sit by die  
4 tafel. Die man se een arm is om die skouers van 'n meisie wat seker bietjie ouer as  
5 ek is. Miskien so vyftien, sestien. My oë bly op die meisie. Ek het al baie  
6 vreemdelinge uit die stad gesien, maar tussen oud en jonk het ek nog nooit  
7 iemand soos sy gesien nie.

\*\*\*

8 Toe Pa teen laatmiddag by die huis kom, bring hy 'n boodskap vir oom Attie van  
9 Sersant af. Oom Attie moet net daar bly wag, want Sersant kom later self die  
10 sleutel van die saal in die oom se hande besorg.

11 Oom Attie is so bly dat hy opspring, vir Baby optrek en 'n paar danspassies  
12 doen. "Baby, ons is on the roll!" lag hy. Maar Baby se oë staan wild in haar kop so  
13 bang lyk sy.

14 Toe Sersant later by ons opdaag, is sy vrou weer by. Ek is skoon verstom.  
15 Hierdie keer het sy 'n pak lekkers in haar hand. Ek sorg dat ek bybly.

- 6.1 Hoekom kon die besoekers nie verder reis nie? (1)
- 6.2 Hoekom het Sersant De Wit die besoekers juis na die verteller se huis toe gebring? Gee TWEE redes. (2)
- 6.3 "... het ek nog nooit iemand soos sy gesien nie." (Reël 6–7)  
Hoekom het die verteller gedink Baby lyk anders as die ander dogters in haar omgewing? Noem TWEE dinge. (2)
- 6.4 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.4) en die antwoord neer.  
Hierdie verhaal speel in (Pretoria/Nqamakwe) af. (1)
- 6.5 Die verteller se ma het **baie moeite gedoen** om die besoekers spesiaal te laat voel.  
6.5.1 Wat het sy gedoen om hulle spesiaal te laat voel? (1)  
6.5.2 Dink jy dis reg om soveel moeite vir vreemdelinge te doen?  
**Verduidelik jou antwoord.** (1)

- 6.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (6.6) en die letter (A–D) neer, bv. 6.6 E.

Oom Attie het gesê dat hy 'n ... van beroep was.

- A sanger  
B komediant  
C onderwyser  
D kulkunstenaar (1)

- 6.7 Hoekom het oom Attie die sleutel van die saal by Sersant gesoek? (1)

- 6.8 Kies die persoon uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.8.1–6.8.4) en die letter (A–E) neer, bv. 6.8.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
6.8.1	Hierdie persoon is die verteller van die verhaal.	A	Ma
6.8.2	Hierdie persoon het gesê dat Baby pille moes drink.	B	Sersant se vrou
6.8.3	Hierdie persoon was Vrydagoggend baie geskok oor Baby se voorkoms.	C	Oom Attie
6.8.4	Hierdie persoon het Baby as 'n vermiste persoon herken.	D	Toetsie
		E	Nooi

(4 x 1) (4)

- 6.9 Sersant se vrou het 'n pak lekkers gebring om vir Baby te troos. Op watter ander manier, dink jy, kon Sersant se vrou vir Baby ondersteun het? (1)

- 6.10 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (6.10.1–6.10.2) en die antwoord neer.

Sugar; Claudine; Tinkie; Nooi

Aan die einde van die verhaal het Sersant De Wit agtergekom dat oom Attie leuens vertel het. Alhoewel oom Attie vir Baby altyd (6.10.1) ... genoem het, was haar regte naam eintlik (6.10.2) ... . (2)

- 6.11 Watter waarskuwing wou die skrywer aan die lesers rig met die skryf van hierdie verhaal? (1)

**EN**



**OP SOEK NA KID KHUMALO – Dolf van Niekerk**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Haar bril met die dik raam bly van haar gesig afgly. Die bril én die lense is lankal
2	ondoeltreffend. Sy vee die sweet van haar gesig af. Haar been pyn van al die
3	beweging en ronddra van die paar meubelstukke. Haar werkgewers van dertien
4	jaar het haar blyplek laat vergroot toe sy op 'n hartseerdag daarvan praat om by
5	haar seun Kid in Soshanguve te gaan woon.
	***
6	"Miskien moet ons Mamelodi ook probeer," sê Frans.
7	"En Sentraal ook."
8	Frans gaan doen verslag aan Johanna. Sy lê steeds met toe oë – dit voel vir
9	haar of haar gedagtes nie so op loop is as haar oë gesluit is nie.
10	"Wat dink jy?" vra hy.
11	Haar bril lê op die kassie langs haar bed. Trane syfer tussen haar ooglede
12	deur. Haar kop bly vol beelde van twee seunskinders wat haar geheue vol
13	speel. Sy kan nie onthou hoe sy hulle groot gekry het nie. Sy moes aanhoudend
14	afscheid neem. Hulle is maar vir haar geleen, tot nou toe. Hulle sal nooit weer
15	speel nie – ander mense het hulle kleintyd gevat.
16	"My gewete sê vir my Kid is nie naby nie."
17	Frans sit 'n lang ruk na die vrou voor hom en kyk. Ken hy haar? En ken die
18	Therons haar? En Kid? Ken sy vir Kid?

- 6.12 Watter mediese probleem het Johanna gehad? (1)
- 6.13 Die Therons het Johanna se blyplek vergroot. (Reël 3–4)
- Op watter manier kon hulle Johanna nog beter ondersteun het? (1)
- 6.14 Kid het baie rondgeval in sy lewe.
- Waar het hy uiteindelik goeie werk gekry? (1)
- 6.15 Kid en Thomas het 'n goeie pa gehad.
- Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 6.16 Hoekom kan jy Johanna as ma respekteer? (1)
- 6.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (6.17) en die letter (A–D) neer, bv. 6.17 E.
- Johanna kon nie by haar seun Thomas gaan bly nie, want sy vrou ...
- A het gedink sy was beter as Johanna.
- B het op weekdae lang ure gewerk.
- C het al haar werk van die huis af gedoen.
- D wou nie ander in haar huis gehad het nie. (1)

- 6.18 Kies die persoon uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.18.1–6.18.4) en die letter (A–E) neer, bv. 6.18.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
6.18.1	Hy het op skool reeds 'n kind gehad.	A	Thabo
6.18.2	Hy het met 'n prokureur getrou.	B	Johanna se man
6.18.3	Hy het by Denneboomstasie die slegte nuus oor Johanna se seun vertel.	C	Thomas
6.18.4	Hy het vir Johanna slegte nuus oor haar seun gebring.	D	Frans
		E	Kid

(4 x 1) (4)

- 6.19 As jy Johanna was, sou jy ook 'n vriend soos Frans wou hê? (1)
- 6.20 Thomas was vroeër by Kid se huis. Wat het hy by Kid se huis ontdek? Noem TWEE dinge. (2)
- 6.21 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (6.21.1–6.21.2) en die antwoord neer.

Dennilton; Kalafong; Mamelodi; Soshanguve

Johanna se kleinseun het in (6.21.1) ... gebly en sy het hom nog net 'n paar keer gesien. Later in die verhaal het Thomas en Frans na die polisiestasie van (6.21.2) ... gegaan om inligting oor Kid te probeer kry. (2)

- 6.22 Hoe is Kid Khumalo dood? (1)
- 6.23 Wie moes Kid gaan uitken voordat hy begrawe kon word? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**AFDELING D: GEDIGTE****VERSJOERNAAL****BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE DIE VOLGENDE GEDIGTE.****VRAAG 7**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**KONTAK – Theo de Jager**

- 1 Ek kon jou met 'n selfoon bel  
2 om te sê dat ek jou baie mis,  
3 maar die kaart was gekrap, die batterye pap  
4 en die boodskap het in die niet verdamp.
- 5 Ek het vir jou 'n brief geskryf  
6 en my hart se hoeke daarin uitgewas  
7 maar my pen was krom, my vingers te dom  
8 om die woorde in die koevert te pas.
- 9 Toe het ek maar 'n duif gestuur  
10 sonder skrif of klank, en nou wag ek,  
11 hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom  
12 met 'n takkie blare in sy bek.

- 7.1 Wat word met die woord "kontak" in die titel van die gedig bedoel? (1)
- 7.2 Noem DRIE maniere waarop die spreker met sy/haar geliefde probeer kontak maak het. (3)
- 7.3 Watter TWEE probleme het die spreker in strofe 1 ondervind? (2)
- 7.4 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (7.4.1–7.4.2) en die antwoord neer. (2)

indirekte; eerstepersoon-; derdepersoon-; direkte

- Die spreker in die gedig is 'n (7.4.1) ... spreker. In strofe 3 het die spreker met 'n duif 'n (7.4.2) ... boodskap aan sy/haar geliefde gestuur. (2)

- 7.5 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.5.1–7.5.3) en die letter (A–D) neer, bv. 7.5.4 E.

KOLOM A		KOLOM B	
7.5.1	" ... in die niet verdamp" (reël 4)	A	woordelose kontak
7.5.2	"sonder skrif of klank ... " (reël 10)	B	simbool van hoop
7.5.3	"'n takkie blare ..." (reël 12)	C	net verdwyn
		D	diepste gevoelens

(3 x 1) (3)

- 7.6 Wat bedoel die spreker met die woord "uitgewas"? (Reël 6) (1)
- 7.7 Dink jy die spreker het hard genoeg probeer om met sy/haar geliefde kontak te maak? **Verduidelik jou antwoord.** (1)
- 7.8 Het jy begrip vir die spreker in hierdie gedig? **Verduidelik jou antwoord.** (1)
- 7.9 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.9) en die antwoord neer.
- Die gedig bestaan uit drie strofes met vier versreëls elk wat (sestette/kwatryne) genoem word. (1)
- 7.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.10) en die letter (A–D) neer, bv. 7.10 E.
- Die woorde "hart se hoeke" is 'n voorbeeld van ...
- A 'n vergelyking.  
B personifikasie.  
C 'n metafoor.  
D assonansie. (1)
- 7.11 Wat, dink jy, is die beste manier om weer 'n verhouding met 'n geliefde te herstel? (1)

EN

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**WOORDE – Vincent Oliphant**

- 1 my woorde het nie die krag  
 2 om bouse magte tot 'n val te bring nie  
 3 my woorde kan bloot sing
- 4 my woorde is nie 'n dak  
 5 om onder te skuil nie  
 6 my woorde is swak
- 7 my woorde kan nie keer  
 8 dat ons die kromme note haal nie  
 9 my woorde is kaal
- 10 glo tog  
 11 my woorde het nie die byt  
 12 van koeëls en grofgeskut nie  
 13 nee  
 14 my woorde kan bloot bid  
 15 en pleit  
 16 en wens  
 17 medeburgers van die lewe  
 18 dat ons van grense sal vergeet  
 19 en bloot mens sal wees  
 20 en medemens

7.12 Wat beteken die woord "bose" in reël 2? (1)

7.13 Watter positiewe ding kan die spreker se woorde in strofe 1 doen? (1)

7.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.14) en die letter (A–D) neer, bv. 7.14 E.

Die spreker sê in reël 4 dat sy/haar woorde nie kan ... nie.

- A wegkruip  
 B beskerm  
 C beïnvloed  
 D troos (1)

7.15 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.15) en die antwoord neer.

Die gebruik van die woord "my" in die gedig maak dit 'n (onpersoonlike/ persoonlike) gedig. (1)

7.16 Die spreker se woorde is oop en eerlik.

Haal EEN WOORD uit strofe 3 aan wat aandui dat hierdie stelling WAAR is. (1)

- 7.17 Wat bedoel die spreker met "my woorde kan nie keer dat ons **die kromme note haal nie**"? (Reël 7–8)  
Begin jou antwoord met: My woorde kan nie keer dat ons ... (1)
- 7.18 Haal EEN REËL uit STROFE 4 aan waar die spreker by die leser pleit. (1)
- 7.19 Die woorde "my woorde het nie die byt" (reël 11) dui aan dat die spreker nie aggressief is nie. Dink jy hierdie passiewe houding is reg? **Verduidelik jou antwoord.** (1)
- 7.20 Watter TWEE woorde in STROFE 4 word met oorlog geassosieer? (2)
- 7.21 Wie, dink jy, is die "medeburgers van die lewe" **in jou eie lewe**? (1)
- 7.22 Noem DRIE dinge wat die medeburgers, volgens die spreker, elke dag moet doen. (3)
- 7.23 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.23.1–7.23.3) en die letter (A–D) neer, bv. 7.23.4 E.

KOLOM A		KOLOM B	
7.23.1	"my woorde is nie 'n dak" (strofe 2)	A	assonansie
7.23.2	" <u>b</u> loot <u>b</u> id" (strofe 4)	B	personifikasie
7.23.3	" <u>m</u> edeburgers van die <u>l</u> ewe" (strofe 4)	C	metafoor
		D	alliterasie

(3 x 1) (3)

- 7.24 Dink jy die titel, "Woorde", is 'n goeie titel vir hierdie gedig? **Verduidelik jou antwoord.** (1)  
[18]

**TOTAAL AFDELING D: 35**  
**GROOTTOTAAL: 70**